

WIETA

Nuusbrief

Kwartaal 2 |
Mei 2016



Dankie

Ons wil graag ons dank betuig aan alle lede wat ons Algemene Jaarvergadering op 26 April 2016 bygewoon het. Ons sien uit na die jaar wat voorlê, insluitend al die geleenthede en uitdagings daaraan verbonde om te verseker dat die lewens van landbouwerkers verbeter word.

Voorsitterstoespraak: Deur Mzukisi Mooi

Inleiding

Ek wil graag almal hier vandag welkom heet, waar ons vergader om aan julle terugvoer te gee oor ons werk soos gemandateer deur julle as lede van hierdie vereniging. Ons vergader te midde van baie interessante en belangrike ontwikkelinge in ons land, beide polities en ekonomies. Die dinamiese aard van gebeure wat plaasvind in ons land en wêreldwyd, dwing ons as 'n bedryf om ten volle bewus te wees van hierdie ontwikkelinge en die implikasies daarvan. My toespraak sal dus die breë riglyne van ons ingryping verduidelik en die fynere besonderhede aan die uitvoerende hoof oorlaat in haar regmatige mandaat as kaptein.

Strategiese posisionering

Tydens die laaste AJV het ons aangedui dat die Raad 'n strategiese beplanningsoefening sal onderneem om WIETA se werk korrek te posisioneer en 'n koherente roete te formuleer. In 2015 het die Raad en personeel deelgeneem aan 'n reeks van gefasiliteerde werksinkels om strategies te kyk na ons betrokkenheid binne die Suid-Afrikaanse wynbedryf se etiese handelsruimte. In die formulering van ons strategiese posisionering, het ons WIETA gepas gedefinieer as 'n proaktiewe, wêreldklas en volhoubare etiese handelsprogram vir die Suid-Afrikaanse wynbedryf en belynde sektore. Ons het voorts ons werk op 3 pilare verklaar, naamlik: om die lewens van werkers te verbeter, marktoegang te verbeter en etiese produkversekering te verskaf. Ons visie vir werkers in die wynbedryf is om etiese behandeling te verseker, asook verhoudings van wedersydse respek en menswaardige lewens ten einde 'n getransformeerde landbousektor daar te stel. Hierdie visie word ondersteun deur die volgende waardes:

- **Verbintenis tot verandering;**
- **Integriteit;**
- **Om 'n verskil te maak;**
- **Om die leiding te neem;**
- **Om ruimte vir interaksie te skep;**
- **Uitnemendheid in wat ons doen.**

Volhoubare etiese handel

Om WIETA as 'n volhoubare etiese handelsprogram te definieer dwing ons om dieper te dink oor wat ons bedoel met en verstaan onder 'n volhoubare etiese handelsprogram. Om onself as lede en leiers die pertinente vrae te vra oor wat ons doen om sodanige volhoubaarheid te verseker. Een van vele, maar tog 'n sleutelkomponent van hierdie volhoubaarheid is die posisionering van die begunstigdes. Die vraag moet gevra word: wie dryf die program, en gebaseer op watter beginsels? Onder die vele beginsels wat heers, wil ek graag twee uitlig: deelname en eienaarskap deur die begunstigdes. Die begunstigdes van ons etiese handelsprogram moet ten alle tye die werker wees. Daar word van die entrepreneur/eenaar/ besigheidsentiteit verwag om deel te neem aan 'n etiese program met die hoofsaaklike doel om billike behandeling te bevorder wat gekenmerk word deur verhoudings van wedersydse respek wat die menswaardige lewens van werkers bevorder. Deelname spreek mag aan en hoe hierdie mag versprei word deur en onder die begunstigdes van etiese handelsprogramme.

Ons praat verder oor eienaarskap, waar die werkers sterk geposisioneer word om aktiewe agente van verandering te word op 'n volhoubare grondslag. Eienaarskap verwys na die fundamentele bevoegdhede en vermoëns van die werkers om aktief deel te neem aan die etiese handelsprosesse en die gepaardgaande ontwikkelingsprogramme. Dit word geag as een van die sleuteldrywers van 'n getransformeerde landbousektor en spesifiek die wynbedryf. Soos ek egter altyd benadruk het in my vorige toesprake, word die werker binne die besigheid meestal aangetref op die rand van die etiese handelsproses. Hierdie werkers word erken tydens die ouditprosesse. Dit is belangrik dat produsente en hul strukture asook vakbondbeamptes die eienaarskap wat binne ons werkers in die bedryf bestaan, bewustelik begin internaliseer en respekteer. Wat nou duidelik is, is dat daar 'n afwesigheid van hierdie eienaarskap bestaan, wat lei tot 'n gebrek aan betekenisvolle deelname deur die werkers in die etiese program. Tog behoort selfs die armste van die armes deel te neem aan besluitneming en die implementasie van besluite wat hul lewens en ontwikkeling raak.

(...vervolg van vorige bladsy)

Volle deelname bevorder menswaardigheid en eiewaarde van werkers. Dit is 'n uitdrukking van eienaarskap wat die werkers in staat stel om deelnemers te wees en nie slegs toeskouers nie in hul eie etiese handelsprogram en ontwikkeling. Deelname verteenwoordig die rol wat werkers speel in die verandering wat verlang word. Ongelukkig verwar vele produsente etiese handel en die bevordering van werkers se regte met blote nakoming. Daar is 'n groeiende tendens om konsultante aan te stel wat 'n kontrolelys-benadering volg wat meer op administrasie fokus as om verhoudings, kommunikasie en vertroue met die werkers en hul verteenwoordigers te bou. Ons ingryping strek verder as oudits; dit is 'n voertuig vir verandering en transformasie wat van onder af gedryf word deur werkers in samewerking met bestuur. Ons moet ook belê in die verbetering en ontwikkeling van meer werker-vriendelike direkte aanmeldingsmeganismes om die monitering van ons implementasie op persele te verhoog.

Die viering van beter praktyke

Ons moet ook die kampioene van beter praktyke vier. In 'n ouditeursverslag in 2015, het Desmilene Minyi waargeneem dat terwyl sy oudits uitgevoer het op produsente van 'n produsentekelder in die Langeberg, sy in verbinding getree het met drie merkwaardige produsente wat 'n ander, positiewe benadering tot werkerbemaagtiging volg. Sy het verder opgemerk dat een van die produsente glo dat sy besigheid slegs suksesvol kan wees indien sy werkers verstaan en glo dat hulle 'n waardevolle en integrale bate tot sy plaas en besigheid is. Dit spreek tot die kern van etiese handel wat poog om werkers as bates in die besigheid te beskou en deel van 'n holistiese perspektief eerder as 'n enkele audit-gefokusde benadering. Desmilene noem dat 'n ander produsent in dieselfde area gevoel het dat sy audit nie bloot nodig was weens die versoek van die wynkelder waaraan hy lewer nie, maar omdat hy van mening is dat dit die regte ding is om te doen.

Hierdie benaderings gee 'n ander betekenis aan die dominante logika rondom etiese handel en die verbintenis daartoe. Hulle bou en versterk besighede se begrip van die betekenis van verbintenis tot etiese handel. Dit verleen vertroue aan besighede se vermoë om verandering en transformasie teweeg te bring deur kollektiewe aksies met hul werksmag en hul verteenwoordigende organisasies. Dit plaas 'n verantwoordelikheid op SA kopers in die verskaffingsketting om beste praktyk-leiding en ondersteuning aan hul verskaffers te bied.

Nakoming vs verbintenis

Alhoewel een van WIETA se strategiese doelwitte die verhoging van marktoegang is, behoort dit nie verkeerd geïnterpreteer te word as die toelating van ons produsente om kommersiële gewin voor verbeterde werks- en leefstoelnde vir werkers te plaas nie. Daar moet 'n duidelike voorkeur wees teenoor 'n verbintenis tot kollektiewe aksies wat gemik is op die verbetering van die werks- en leefstoelnde van die werkers. Verbintenis tot die WIETA-kode is nie beperk tot ouditering en sertifikasie nie. Verbintenis behels deurlopende monitering deur 'n kollektief van werkgewers, werkers en waardekettingrolspelers. Die belangrikheid van remediërende aksie waar bewerings van kodeoortredings geopper word, is 'n belangrike deel van hierdie verbintenis.

Vryheid van assosiasie en kollektiewe bedinging

Vryheid van assosiasie blyk steeds 'n kwessie te wees wat sterk afkeur geniet in meeste dele van ons bedryf. Kollektiewe benaderings vir volhoubare verandering deur etiese handel word gekniehalter deur 'n doelbewuste waninterpretasie van vryheid van assosiasie. Baie werkers word steeds sistematies die reg ontnem om vrylik te assosieer of om endogene strukture (d.w.s. strukture wat ontstaan, ontwikkel en groei vanuit werkergeleedere self) te vorm wat aan hulle die mag sal verleen om te onderhandel met die vereiste gesag. Daar is 'n groeiende neiging om die ontstaan van vakbonde te omseil deur die stigting van skyn-werkerbeheerde komitees, wat in werklikheid deur bestuur beheer word vanaf 'n afstand. Dit is egter ironies dat vakbonde en produsente maklik ruimte vind om in gesprek te tree in verskeie forums buite die werkplek. Gevolglik het ons omtrent 9.1% van WIETA-plase tans gevakbondiseer, en 38.7% van kelders gevakbondiseer.

'n Ernstige en eerlike debat moet plaasvind oor hoe om vryheid van assosiasie te bevorder binne die etiese handelsruimte. Ons vorige ondervinding het die belangrikheid uitgelig om te verseker dat produsente en werkers goed ingelig is oor die ware betekenis en voordeel van vryheid van assosiasie, voordat enige party daarvoor in gesprek tree. Daar blyk 'n vertrouensgebrek jeens mekaar van beide kante te wees. Vertroue steun sterk op begrip. En begrip kan verhoog word deur 'n verbetering in die kwaliteit en kwantiteit van kommunikasie tussen werkgewer en werkers. By vele werkplekke is daar baie min prosedures in plek of gebrekkige kommunikasie aan werkers om werklike uitdrukking aan die beginsel van vryheid van assosiasie te gee.

(...volg op volgende bladsy)

(...vervolg van vorige bladsy)

Strategiese skakelings

WIETA is steeds 'n strategiese vennoot in verskeie plaaslike en oorsese forums. Ons neem deel aan plaaslike strategiese platforms binne die wynbedryf soos die DLBV-geleide (Departement van Landbou, Bosbou en Visserye) Rondetafel vir die Wynbedryfwaardketting; ons lewer ook insae tot die produsente se Wynbedryf Strategiese Oefening (WISE) en neem ook deel aan die formulering van 'n burgerlike samelewing- en arbeidsagenda om 'n maatskaplike alliansie binne die wynbedryf in te lig.

Ons het ook verskeie skakelings gehad met entiteite van oorsee soos Systembolaget deur rondetafelbesprekings en Nordic Monopolies. Senior bestuur van beide WIETA en SIZA, tesame met verteenwoordigers van Systembolaget het met die BCSI in gesprek getree rondom erkenning van WIETA-oudits en gesertifiseerde produsente. Ons is nou ook besig om 'n fenomeen te konfronteer waar ouditliggame soos die BSCI, wat hulle noem weergawe 2-oudits bekendstel. Dit stel weereens aan ons die uitdaging om verskillende kodes te oorreed om mekaar te erken. Hoewel dit mag voorkom as 'n terugslag in ons pogings om die ouditlading te verminder, bied dit ook 'n geleentheid om kollektief skakeling van kopers met WIETA te bewerkstellig. Die WIETA-bestuur het gevolglik 'n kommunikasie in hierdie verband uitgestuur en die uitvoerende hoof mag moontlik later hierop uitbrei in haar verslag.

Gevolgtrekking

Laat my afsluit deur nogmaals te benadruk dat die tersaaklikheid van ons eie werk en bydraes binne die etiese handelsruimte (naas oudits), om deursigtigheid en samewerking tussen alle belanghebbers te verbeter, onweerlegbaar is. Ons behoort 'n doelbewuste skuif te maak deur kollektiewe, deelnemende en samewerkende prosesse in werking te stel indien ons ernstig is daarvoor om etiese handel volhoubaar te maak. Kollektiewe aksie vir beter beskerming van ons prestasies vereis sektor-wye samewerking van ongekende omvang. Daar is groter geleenthede wat daarbuite bestaan en dit verg samewerking. Ons **het** die geleentheid om kollektief te argumenteer in die rade van wêreldhandel as ons die bestaan en rolle van alle belanghebbers in die bedryf respekteer.

Ek wil graag my mede-direksieledede bedank vir hul rol om 'n ruimte te skep waarin ons betekenisvol ons doelwit kan uitoefen om 'n kultuur van etiese handel in ons bedryf te skep. Dit is ook die onverpoosde werk en inspanning wat gegiet word in die bedrywighede van die vereniging deur die uitvoerende hoof en haar span wat gelei het tot die volhoubare groei van ons ingrypings, nieestaanstaande die weerstand wat ontvang is deur sommige van ons lede nie. Laaste maar nie die minste nie, wil ek graag ons borge bedank vir die verskaffing van finansiële hulpbronne om ons werk te bevorder, veral die provinsiale Departement van Landbou vir die befondsing van projekte rakende etiese handel en billike arbeidspraktyke in die wynbedryf.

Dankie dat julle tyd uit jul besige skedules geneem het om hierdie vergadering by te woon.

Finansiële verslag:

lidmaatskapsfooie

Ons verhoogde fooistruktuur, insluitend lidmaatskap- en ouditfooie, is voorgelê by die AJV en goedgekeur. Die fooistruktuur vir 2016 is aan al ons lede in Mei uitgestuur. Kontak asseblief vir **Dominique Olivier** by info@wieta.org.za indien u 'n afskrif hiervan wil ontvang.

Oudits vir klein produsente sal gekwoteer word op die gebruik van slegs een ouditeur en sal neerkom op 'n verminderde koste. Besonderhede oor die koste van 'n oudit vir klein produsente en alle ander oudits kan verkry word vanaf **Andrea Bredell** by andrea@wieta.org.za.

Lede

1429 Produsente lede

1046 Geouditeerde lede

875 Gesertifiseerde lede



Do.A-befondsde projekte oor etiese handel en billike arbeidspraktyke in die wynbedryf



**Western Cape
Government**

Agriculture

WIETA is dankbaar teenoor die Wes-Kaapse Departement van Landbou vir hul toekenning van R1 miljoen aan WIETA vir 'n derde jaar om etiese handel in die wynbedryf in 2016/2017 te bevorder.

Die befondsing sal gebruik word vir verskeie projekte wat deel vorm van WIETA se algehele strategie ter ondersteuning van die wynbedryf en die bemagtiging van wyn- en druiweprodusente en hul werkers in die strewe na etiese handelsuitnemendheid op plase en in kelders oor die volgende jaar.

Sommige van die projekte wat ons vanjaar gaan loods sluit in:

- Tegniese werkeropleiding in 'n veilige en gesonde omgewing en arbeidswet;
- Werkerorganiseringsvaardigheidsontwikkeling & -ondersteuning;
- Verskaffingskettingopleiding vir beter etiese implementasie;
- Ouditeursopleiding en -kalibrasie; en
- Kontrakteurontwikkeling en tegniese ondersteuning.

Indien jy belangstel om deel te neem aan enige van die programme of verdere inligting wil verkry, kontak asseblief vir **Amelia Heyns** by amelia@wieta.org.za.

WIETA aanlyn etiese bestuurstelsel

Die WIETA etiese bestuurstelsel is sedert November 2015 beskikbaar. 'n Kennisgewingsepos is aan al ons lede uitgestuur om hul informasie op die stelsel te verifieer.

Indien u nog nie 'n epos ontvang het nie, kontak vir **Andrea Bredell**, andrea@wieta.org.za om sodoende die korrekte epos adres op ons rekords te verander om u op die stelsel te registreer.



Internasionale skakelings:

ETI-korporatiewe ledebesoek



Retha Louw (SIZA), Anton Rabe (as verteenwoordiger van Vrugte SA) en Linda Lipparoni (WIETA) het onlangs met die Ethical Trading Initiative (ETI)-span in Londen vergader. Vordering op verskeie terreine is bespreek insluitend moontlike samewerking ten opsigte van opleiding en ander inisiatiewe.

Onder die sleutelareas van belang vir die ETI-span was om sommige van die wêreldwye inisiatiewe te probeer verduidelik soos byvoorbeeld die menswaardige loonveldtogte en die Modern Slavery Act (VK), en die implikasies daarvan vir VK-maatskappye en hul verskaffingskettings.

Moderne slawerny? Wat is dit?

Moderne slawerny, in die Verenigde Koninkryk se Modern Slavery Act, word breedweg omskryf as oortredings van "slawerny, knegskap, gedwonge of verpligte arbeid of mensehandel". Hierdie oortredings behels dikwels betuelende, misleidende en dwingende optrede teenoor individue wat aanleiding kan gee tot lewens van knegskap, misbruik en onbillike behandeling.

VK-maatskappye het tot hede hoofsaaklik gefokus op hul aanbodkettings en min aandag gewy aan breër arbeidsdinamika wanneer hulle 'n omsigtigheidsondersoek uitvoer en hul risiko's wat verband hou met dwangarbeid bestuur. Gebrekkige aandag is ook in die verlede gewy aan voorkoming en remediërende strategieë. Daar was egter onlangs 'n verskuiwing in denke wat aanvoer dat aandag aan dwangarbeid uitgebrei moet word na die hele waardeketting, insluitend die vloeï van arbeid, goedere en dienste.

Uitkontraktering en subkontraktering is geneig daartoe om die verspreiding van verantwoordelikheid te vertroebel en alhoewel vele maatskappye van hul kopers en verskaffers vereis om etiese praktykkodes te aanvaar, is die mate waarin primêre verskaffers aan hierdie vereistes kan voldoen, en kan instem om die verbintenis regdeur die aanbodketting uit te brei, egter nie duidelik nie.

Hoe beïnvloed die wet verskaffers in Suid-Afrika?

Gegewe die vereistes deur VK-maatskappye om verslag te doen oor die risiko's, remediërende en versagterende faktore betrokke om te verseker dat dwangarbeid en moderne slawerny voorkom word, sal daar waarskynlik 'n groter fokus wees op die versekering van remediërende aksies in aanbodkettings wat wyer strek as bloot die oudit. Meer aandag sal gegee word aan die belangrikheid van vryheid van assosiasie en daarom sal Suid-Afrika waarskynlik ervaar dat VK-kopers toenemend met vakbonde en burgerregte-groepe in gesprek tree om die plaaslike konteks te verstaan ten

einde moontlike toekomstige risiko vooruit te loop.

WIETA het ingestem om nou saam te werk met die ETI se kennis- en onderrigbestuurder om 'n kommunikasie aan wyn- en vrugteprodusente te ontwikkel rakende die betekenis van die Modern Slavery Act, en die waarskynlikheid van die impak daarop op die wyn- en vrugteaanbodkettings in SA.

Die wêreldwye menswaardige loon-debat

Die ETI-span het insigte gedeel oor verskeie menswaardige loon-veldtogte rondom die wêreld. Daar is 'n toenemende fokus op die beweging om menswaardige lone te betaal en om te begin definieer wat 'n menswaardige loon is in verskeie dele van die wêreld en ook in verskillende sektore.

WIETA het bekommernis geopper rondom die betaling van menswaardige lone waar 'n billike etiese prys betaal word. Dit is ook 'n fokus vir verskeie lande en die ETI in Noorweë is tans besig om te kyk na wat bekend staan as "Decent Work Accounting", 'n berekening wat bepaal watter prys betaal moet word vir wyn om 'n menswaardige loon bekostigbaar te maak. Een van die sleutelkwessies wat die wêreldwye menswaardige loonveldtog dryf sluit die behoefte in om te verstaan wat lae lone veroorsaak en dit behels onder meer:

- Om te verstaan hoe besigheidsmodelle kostes afwaarts dryf en onbillike waarde in die aanbodketting versprei
- Die afwesigheid van kollektiewe bedinging
- Onvoldoende minimum loon-vasstelling deur regerings.

WIETA sal beslis 'n sterk posisie in die menswaardige loon-debat moet inneem aangesien ons Kode die vereistes van die "Strewe na 'n menswaardige loon" vervat. Deel van hierdie inisiatief in 2016 sal wees om ons lede te help om hul deurlopende verbetering te meet ten einde 'n menswaardige loon vir hul werkers te behaal.

BSCI Skakeling

Gedurende Maart 2016 is 'n kommunikasie aan al ons lede oor ons skakelings met BSCI gestuur.

Kontak asseblief vir **Dominique Olivier** by info@wieta.org.za indien u 'n afskrif hiervan wil ontvang.



Sosiale en etiese ouditering

Opdatering oor hersiening van audit-dokumentasie

Ons het 'n diepgaande hersieningsproses van ons ouditdokumentasie ondergaan, d.i. die WIETA-Etiese Kode van Beste Praktyk, die WIETA-Etiese Kodemaatstaf en Ouditproses en -metodologie. Sedert vorige kommunikasie deur ons nuusbrief, het ons 'n tegniese werkwinkel gehou met produsente, sleutelbelanghebbers in die bedryf en tegniese spesialiste oor WIETA se gesondheid- en veiligheidsvereistes. Hul insette was waardevol en ons het dit geïnkorporeer in ons dokumentasie.

Weergawe 3 van ons Kode en ouditdokumentasie sal gekommunikeer word aan al ons lede teen die einde van Mei en sal elektronies beskikbaar gemaak word op ons webtuiste of kan verkry word vanaf ons kantoor. Die nuwe weergawe sal geïmplementeer word deur ouditeurs vanaf **1 Julie 2016**.

Indiening Verbeteringsplanne en korrektiewe aksies

WIETA verseker dat alle verbeteringsplanne wat elektronies ingestuur word, veilig gestuur word. Om ons in staat te stel om jou verbeteringsplan en bewyse van korrektiewe aksies effektief te hersien, het ons die volgende prosedure geïmplementeer.

Verbeteringsplanne en bewyse van alle korrektiewe aksies geïmplementeer of wat geïmplementeer moet word, kan afgelewer word aan ons kantoor in harde kopieformaat of elektronies gestuur word.

Sodra ons jou verbeteringsplan en korrektiewe aksies ontvang het sal ons 'n bevestigende e-pos aan jou stuur. Verseker asseblief dat jy hierdie bevestiging ontvang het of kontak on kantoor.

Die volgende opsies is beskikbaar

- Elektroniese verbeteringsplanne kan via e-pos aan **correctiveactions@wieta.org.za** in een e-pos gestuur word.
- Indien dit nie in een e-pos gestuur kan word nie, kan die verbeteringsplan en bewyse opgelaai word op **Dropbox** of gestuur word deur **Wetransfer**.
- Alternatiewelik kan die verbeteringsplan en bewyse opgelaai word op 'n gehuistokkie of CD en by ons kantoor afgelewer word.
- Verbeteringsplanne en bewyse kan ook in harde kopie formaat by ons kantoor afgelaai word.

Kontak asseblief vir **Amelia Heyns**, **amelia@wieta.org.za**, indien u enige vrae het oor die proses.

Hoe om op te laai

Dropbox

Om dokumentasie op Dropbox te laai volg die volgende eenvoudige stappe:

1. Skep 'n Dropbox-rekening >>> **https://www.dropbox.com/login**.
2. Kliek die Upload-knoppie aan die bopunt van die venster.
3. 'n Nuwe venster sal verskyn. Kliek op die Choose File-knoppie en kies dan die dokument op jou rekenaar wat jy by jou Dropbox wil voeg.
4. Kies soveel dokumente soos jy wil, and kliek dan op die Start Upload-knoppie.
5. Gaan na jou lys van dokumente en lêers en kies die lêer wat jy wil deel deur die muis bo-op die lêer se naam te hou.
6. Kliek op die Invite people-knoppie om aan ander toegang te gee tot die dokumente in jou lêer en nooi **correctiveactions@wieta.org.za** uit.

wetransfer

Om dokumentasie op Wetransfer te laai, volg die volgende maklike stappe

1. Gaan na **wetransfer.com**.
2. Kliek op die +-teken en voeg die lêers by wat jy wil stuur.
3. Tik die e-posadres **correctiveactions@wieta.org.za** in, waarheen jy die lêers stuur.
4. Tik nou jou eie e-posadres in.
5. Verskaf die naam van jou maatskappy/lidnaam en die plase wat geaudit is.